

Sing vooraf: Psalm 31:1, 2 (p. 143)

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewel!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees

Amen

Lofpsalm 9:1, 10 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 10 Dan vind my tong weer nuwe stof, / in Sions poort meld ek u lof.
Dan sing ek bly van u genade, / so groot in nuwe reddingsdade.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Gebed

Psalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Skriflesing: 2 Konings 6

Teks: 2 Konings 6:27

**Maar hy antwoord: As die HERE jou nie help nie, waarvandaan moet ek
jou dan help? Van die dorsvloer of van die parskuip?**
(2 Konings 6:27 AFR1953)

Die betekenis van hierdie gedeelte is dat dit openbaar dat die Here sy beskermende hand
oor Israel gehou het, ondanks hulle sondes.

- Ons verlossing in ons aardse bestaan lê nie in 'n weermag,
- of in die bekwaamheid of onbekwaamheid van ons leiers nie.
- Dit staan vas in God se genade oor die gelowiges.

In die preek gaan ons aan die volgende sake aandag gee:

- 1. Die militêre agtergrond**
- 2. Die nood van die mense van Samaria**
- 3. Die Here se genade**
- 4. Die Here verlos sondaars**

1. Die militêre agtergrond

Benhadad, die koning van die Arameërs, was hier besig met 'n volkskaalse oorlog teen Samaria.

- Samaria was die hart van Israel.
- Samaria was ook 'n sterk stad, en dit sou nie help om dit te bestorm nie.
- Daarom het hulle die stad toe beleër.

Die Arameërs het die stad blykbaar baie lank beleër, want as gevolg van die oorlog het daar groot nood en hongersnood in die stad ontstaan.

- Die ellende onder die mense het baie hoog geloop.
- Die hongersnood was so erg dat die mense ten duurste duiwemis gekoop het – wat hulle dan as sout gebruik het.

Die prys van die duiwemis was nogal hoog:

- Hulle het ses-en-dertig en 'n half gram silwer betaal vir 'n half liter duiwemis.
- In ons geldwaarde soos dit vandag is, is dit R116,19.

Donkievleis was onrein en mag onder geen omstandighede geëet word nie.

- Tog is 'n donkiekop vir 1 310 gram silwer te koop aangebied.
- In ons geldwaarde is dit R4 170,10.

Die volk was dus tot die heel uiterste toe gedryf om aan die lewe te bly.

2. Die nood van die mense van Samaria

Die volk was nie net militêr platgeslaan nie Die moreel van die mense was ook heeltemal op die vloer.

- In 'n poging om die mense aan die gang te hou vertoon die koning hom aan die volk en aan die soldate.
- Hy stap daar in sy koninklike klere – die simbool van mag.

Dit wat egter in die volk leef, staan nie op een lyn met die klere en die vertoon van die koning nie.

- Daar is 'n nood wat veel groter is as die liggaamlike nood.
- Dis hulle geestelike nood.

'n Mens kruip nie agter iemand anders weg wanneer jy sonde doen, asof dit sy skuld is nie, maar die toestand was tog grootliks deur die koning veroorsaak.

- Die koning wat daar op die muur stap, is Joram – en die dinge wat die Here oor Joram laat opskryf, is nie baie vleierend nie.
- Hy het die dinge gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here.
 - Hy het wel die klippilaar waar Baäl aanbid is, afgebreek – maar dit was net omdat Elisa hom gedryf het om dit te doen. Vir die res het hy maar in die afgodery voortgeploeter.
 - Hy het byvoorbeeld met die kalwerdiens voortgegaan.
- Hy het die volk dus nie gelei om die Here te aanbid nie.
- En hy het ook nie werklik gehelp om die afgodsdienste uit te roei nie.

Is dit daarom nie dalk profeties dat die vrou haar tot die koning rig met die woorde: **Help, heer koning!**

- Sy het mos soos almal geweet dat hy niks aan die saak kon doen nie!

- Die koning self bely dit ook: **As die Here jou nie help nie, hoe moet ek jou help?**
- Baie sarkasties voeg hy daarby dat sy net moet sê of hy dit van die parskuip af of van die dorsvloer af moet doen – met ander woorde, moet hy brood of wyn vir haar gee? Dit teen die agtergrond dat daar nie meer kos is nie!

Dan ontvou die skokkende toestand waarin die volk al verval het voor die koning – hulle eet al mekaar se kinders.

- Die vrou wat vertel en nog 'n ander vrou het ooreengekom om hulle kinders gaar te maak.
- Inderdaad het hulle toe al die een kind geëet, toe die ander vrou kop uittrek.
- Nou kom kla hierdie een oor hierdie skandelige saak om regspraak van die koning te kry.

Die ontsetting sny deur die koning. In sy skok skeur hy sy klere. Hy het seker dadelik besef dat die vloek van die Here oor hulle waar geword het.

Ons kry hierdie vloek in Levitikus 26:27-29. Daar dreig die Here die volk met hierdie ding as hulle van Hom afvallig sou word.

As julle ook hierom nie na My luister nie, maar julle teen My versit, sal Ek My in grimmigheid teen julle versit, en Ek sal julle ook sewevoudig tugtig weens julle sondes. En julle sal die vlees van julle seuns eet, en die vlees van julle dogters sal julle eet. (Levitikus 26:27-29 AFR1953)

Hier gaan dié vloek van die Here al in vervulling.

- Maar kyk hoe reageer die koning!
- Hy sweer daar en dan dat hy Elisa gaan doodmaak, want hierdie saak kom van die Here af!
- Dis 'n direkte verwyt teen die Here – dis die Here se skuld dat die dinge hulle oorkom.

3. Die Here se genade

Toe die koning se nood op sy hoogste is, het die oomblik aangebreek waarop die ommekeer in die situasie kom.

- Elisa preek vir die koning en sy adjudant die Here se genade.
- Die volgende dag sou daar volop kos teen spotgoedkoop pryse wees.

Die adjudant was blykbaar 'n ongelowige, want spottend beweer hy dat dit nie moontlik is nie, al sou die Here vensters in die hemel maak.

- Elisa voorspel dat hierdie adjudant die volgende dag sou sterf sonder dat hy die voordeel van hierdie oormaat sou smaak.

Wat daardie nag gebeur het, laat mens besef dat geen politieke leier (in hierdie geval die koning) of 'n sterk weermag die ding is wat jou verlos nie.

- Dis net die genade en mag van die Here wat ons van enige vorm van ellendes kan verlos.

Daardie nag hoor die Arameërs die gedruis van 'n geweldige leer van waens.

- Die eienaardige is dat die Israeliete daar naby hulle niks hoor nie.
- Die effek van die gedruis wat die Arameërs hoor, is dat hulle so beangs word dat hulle op die vlug slaan.

- Nie sommer 'n gewone vlug nie – hulle het alles, tot hulle klere, weggegooi so ver as wat hulle gehardloop het – tot deur die Jordaan.

Die Here het dit intussen so beskik dat die Arameërs baie kos in hulle laer gehad het.

- Hierdie kosvoorraad kom nou tot die beskikking van die inwoners van Samaria.
- Daarmee bring die Here nie net die oorlogstoestand tot 'n einde nie.
- Hy voorsien ook kos aan uitgehongerde mense.

4. Die Here verlos sondaars

Die Here verlos sondaars – nie net eers in die ewigheid nie maar reeds in hierdie lewe al.

- Dit is baie belangrik dat mens in hierdie situasie die genade van God raaksien.

Die volk is alles behalwe gelowig en rein.

- Hulle toon tekens van ongeloof en geweldige geestelike verval.
- Tog verlos die Here hulle buite die normale middele om.

Die koning is nie bekwaam daartoe nie, en word ook nie deur die Here vir die doel aangewend nie.

- Die weermag sit vasgeval in 'n beleërde situasie.
- Hulle word ook nie uit hierdie magtelose toestand opgehef sodat hulle tot redding van die volk kan optree nie

Wat wel gebeur, is dat God self die vyand verskrik, verwar en in aller yl laat vlug.

Dis presies hierdie selfde beginsel van verlossing wat regdeur God se raadsplan geld.

Ons word op presies dieselfde basis verlos deur die Here Jesus Christus.

- Ons vertoon in ons geloofstoestand baie trekke wat ooreenstem met dié van Israel.
- Daar was onder hulle – net soos onder ons – gelowiges en ongelowiges.
- Die totale beeld wat ons van die volk oorhou, is dat hulle die Naam van die Here ken, en ook orals gebruik, maar dat hulle die Here self nie ken nie.

Joram self is 'n helder voorbeeld hiervan:

- Hy is 'n aanbidder van die kalwerdiens,
- maar hy snou die vrou toe dat hy haar nie kan help as die Here haar nie help nie.
- 'n Waar belydenis, maar uit 'n leë hart!

Maar dis juis in hierdie toestand wat die Here ingryp. Hy verlos en herstel mense wat sy Naam bely, maar wat nie noodwendig altyd die konsekwensies daarvan besef nie – ons!

- Sonder dat ons uit ons eie bekwaamheid enige bydrae lewer, sterf Jesus Christus tot ons verlossing.
- Hy versoen ons weer met die Vader sodat ons aan al Christus se beloftes en die ewige lewe deel kry.

Sy bewaring oor ons strek so ver dat ons nie net deur Hom van die groot en swart mag van die hel bevry word nie.

- Ons word ook nog gelei deur God se Gees in ons totale lewe.
- Daarom het ons nie nodig om soos Joram 'n skynbeeld voor te hou nie.

Sy buitekant was een van koninklike mag en regering – die *koning* loop tussen sy volk deur op die stadsmuur.

- Maar toe hy sy klere skeur, toe sien die mense dat hy rouklere teen sy lyf dra.

- Dit was 'n verskeurde mens wat daar in hulle midde was.
 - In sy uiterlike was hy die koning.
 - Onder sy klere was hy diep ontsteld en het hy besef dat dinge ver verkeerd staan.

Maar die eerlikheid het ontbreek om dit wat hy gevoel het, vir sy volk te wys, en om hulle saam met hom op die pad van berou te neem – terug na die Here toe.

God die Heilige Gees lei ons op hierdie pad.

- Die Here het baie vroeg al vir Kain gevra waarom sy kop hang – hy weet mos dat daar vergewing moontlik is wanneer hy berou het. Hy kon egter nie op daardie punt kom nie, want hy het geen lewende band met God gehad nie. Dieselfde gebeur in Samaria.
- Die Heilige Gees lei ons om in teenstelling met wat met Kain en in Samaria gebeur het, tot berou en bekering te kom.
- Die Heilige Gees lei ons om te smee vir verlossing voor die Enigste Een wat werklik kan verlos of straf – die Almagtige

Daarmee is dit tog baie duidelik dat die Here ons geestelik versorg.

- Ons gebreekte geloof, en ons stamelende worsteling om te onderskei tussen reg en verkeerd word deur die Here Jesus se kruisverdienste versoen met God se reg, en deur die Heilige Gees gelei om te ontwikkel tot herstel.

Maar die bewaring van die Here gaan nog verder:

- Dit raak ook ons fisiese en alledaagse lewe, en selfs ons land se bestaan.
- Dis waar dat die Here middele tot ons beskikking stel, maar aardse dinge bepaal beslis nie die toekoms nie.
- Daarom kon hierdie soort magte – wat almal by Samaria teenwoordig was – dit ook nie doen nie.

Ons verlossing in ons aardse bestaan lê nie in 'n weermag of in die bekwaamheid of onbekwaamheid van ons leiers nie, maar in God se genade oor die gelowiges. Die Here Jesus se dood het die krag dat ons ook in hierdie lewe van al ons spannings en kwellings verlos kan word.

Al was Joram nie gelowig nie, bly sy woorde profeties: As die Here ons nie help nie, wie anders sal kan help?

- Solank ons dan net daarby onthou dat ons die volle openbaring van God in die Here Jesus Christus het!
- Hy help ons verby alle grense wat ons beperk – by die dood verby, by God se oordeel verby, en selfs ook in ons aardse bestaan by fisiese beperkinge en bedreiging verby.

Amen

Slotgebed

Psalm 68:1, 2 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.
 Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
 As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
 Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee

Amen

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 9 November 2008

Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 22 September 2013